

Inhoud Hierdie preek wys dat babas ook die Here se beloftekinders is en daarom erfgename is van die Abrahamsbelofte. Die doop met water is 'n teken dat hulle ingedoop is in Christus in wie Hy as mens in hulle plek vir hulle vandag is. Om ingedoop in Christus te wees, beteken om ingesluit te wees en alles wie Hy in ons plek vir ons is, te deel. Gelowiges se kinders is nie natuurlike kinders nie. Natuurlike kinders moet reg wees volgens God se wet net soos die Jode en hul kinders. Beloftekinders is reg vir God omdat hulle aangeneem is. Omdat God hulle as sy beloftekinders aangeneem het, is hulle deel van sy liefde as God vir hulle, sal Hy nie aan hul oortredings dink nie en hul sondes vergewe, en sal Hy hulle vir Hom lief maak en lief laat wees. Daarom is ouers nie hul beloftekinders se geestelike voogde of bestuurders nie, maar net getuies van God vir hul kinders wat saam met hul kinders in God se liefde leef.

Liturgie 1. Lied 266 2. Lied 288: 1, 2 ,3. 3. Lied 290: 1, 2 ,3 ,4.
Skriflesing Galasiërs 3: 23 – 4: 7; 4: 21- 5: 1 Jeremia 31: 31 – 37.

Teks Galasiërs 4: 28 “En julle broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte.
(Direkte Afrikaanse vertaling)

Tema Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

1. Ingedoop om deel te wees en te behoort!

Ons doop van oggend vir Belenic Smit! Ons doop haar met water sodat sy 'n teken kan dra wat wys dat sy 'n regtig 'n regte kind van God is. Dit is wat hierdie doop met water wys: Belenic is regtig 'n regte kind van God!

Hoekom is sy, en al die kinders wat vanoggend hier saam met ons is, regtig regte kinders van God? Die doopwater maak hulle nie kinders van God nie. Hulle is nie regtig regte kinders van God omdat ons hulle met water doop nie. Hulle is regtig regte kinders van God, omdat hulle in Jesus Christus ingedoop is.

Dit is wat die doop met water vir ons wys. Om wat water gedoop te word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees wys dat jy regtig ingedoop is in Jesus Christus. Daarom sê Paulus in Gal. 3: 27 ons is “in Christus” gedoop. Dit beteken dat die doop met water wys dit is regtig só dat ons regte kinders van God is, nie eendag sal word nie, omdat ons in Christus ingedoop is.

Omdat Belenic en ons elkeen in Christus ingedoop is, is ons regtig God se regte kinders! Want God se regte kinders is beloftekinders!

Kyk hoe mooi wys Paulus dit in Galasiërs 4: 28: “En julle, broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte.” Kinders van God se belofte en daarom beloftekinders!

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Ons gaan vanoggend saam in die Woord van die Here ontdek wat beteken dit om God se beloftekind te wees!

2. Eintlik is dit baie maklik om te weet wat beteken dit om God se beloftekind te wees. Dit beteken nie dat jy is

- 'n kind van jou ouers se beloftes aan mekaar nie,
- 'n kind van jou ouers se beloftes aan jou nie,
- 'n kind van jou ouers se beloftes aan God nie,
- 'n kind wat jou eie beloftes moet gaan maak en waarmaak nie.

Jy is God se beloftekind! Jy is 'n kind van God se belofte, die belofte wat God gemaak het hoe om vir jou God te wees en jou sy kind te laat wees.

Kyk hoe lyk God se belofte hoe jy sy beloftekind sal wees in Jeremia 31: 31 -!

- God sê Hy sal jou God wees en jy sal deel van sy volk wees. Sy volk is sy kinders. Wanneer God sê Hy sal jou God wees, beteken dit dat God sal alles wat God vir sy kinders doen, vir jou doen. Dit sluit alles in: Hy sal jou liefhê en versorg, bewaar en beskerm as God. God sê ook jy sal sy kind wees, wat beteken die Here sal sorg dat jy sy kind is en soos sy kind sal leef. Dit is wat dit beteken om 'n beloftekind te wees
- Om God se beloftekind te wees beteken dat Hy elke oortreding van sy wet sal vergewe en nie aan die sondes wat jy gedoen het sal dink nie. Hy sal net dink dat jy sy geliefde kind is wie sy liefde vir Hom volmaak is.
- Om God se beloftekind te wees, beteken dat die Here self jou vir Hom sal lief maak! Niemand anders behalwe die Here self sal jou vir Hom lief maak nie! Nie jou ouers nie, nie jou boeties of sussies nie, nie jou vriende nie en ook nie dominees of ander groot mense nie.

Kyk hoe belof die Here dit: “n Man sal nie meer vir sy buurman of broer voorhou: Jy moet die Here dien nie”, want almal sal my dien, klein en groot, sê die Here.”

Jeremia 31: 33 Kyk wat staan regtig hier! “Klein en groot!” Dit beteken mos kinders, babas kleintjies, tieners, jongmense en grootmense! Almal! Nie net grootmense nie! Dit beteken die Here belof dat niemand jou vir Hom sal lief maak nie. Net Hy sal jou vir Hom lief maak!

Dit sê die Here sommer self in dieselfde vers: “Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê.” Dit beteken dat kleintjies sal die Here met hulle harte en gedagtes liefhê. Die Here belowe Hy sal kleintjies vir Hom lief maak en lief laat wees.

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Beloftekinders is kinders wat die Here self vir Hom lief maak en lief laat wees, nie ander mense soos ouers, boeties en sussies of vriende nie. Dit is wat die beteken om die Here se beloftekind te wees!

3. Hoe maak die Here kinders, sy beloftekinders?

Dit is wat die doop met water ons wys! Die Here maak kinders sy beloftekinders deur hulle in Christus in te doop. Hy doop ons nie sommer net in water in nie. Hy doop ons in Christus in.

Hierdie indoop wys dat ons ingesluit is en deel het aan wie Jesus Christus is. Ingedoop beteken altyd ingesluit en om te deel.

Hoofstuk 4 vers 4 en 5 wys vir ons waarin word ons ingedoop en waarin deel ons. Paulus kondig hier aan dat Christus wat God en Here is, net soos Belenic en alle ander kinders uit 'n vrou, Maria, gebore is. Jesus is gebore uit die maagd Maria!

Die manier waarop die Here gebore was, word genoem “onder die wet.” Hierdie wet is die Tien Gebooie van die Here. “Onder die wet” gebore beteken volgens Galasiërs 2 dat jy volgens God se gebooie reg moet leef, om 'n regte kind van God te wees. “Onder die wet gebore” beteken dat as jy nie volgens die Here se gebooie reg leef nie, is jy nie 'n regte kind van God nie.

Dit is hoe die Here onder die wet gebore is: Hy is as kleintjie gebore om regtig reg te leef om vir God sy regte kind te wees.

Dit het die Here gedoen om ons los te koop!

4. Hierdie is seker een van die vreemdste sinne in die Bybel. Dit is só vreemd dat die meeste pastore, priesters en predikante hierdie sin nooit regtig in die Bybel raaklees nie.

Kom ons kyk weer mooi wat staan hier! Jesus is gebore om regtig alles vir die God reg te doen, om regtig 'n regte kind van God te wees, om ons los te koop!

Hy koop ons los om “onder die wet” te wees! Loskoop beteken die Here maak jou los van die manier waarop jy vir die Here sy regtig sy regte kind is omdat jy doen wat reg is. Die Here maak jou los van die hierdie manier om regtig sy regte kind te wees en maak jou op 'n heeltemal ander manier sy regte kind. Kyk hoe duidelik staan dit is Gal. 4: 5: om ons ... los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.”

Omdat ons in Christus ingedoopt is, is ons God se beloftekinders

Christus maak dat jy regtig God se regte kind is, omdat God jou aanneem, nie omdat jy alles reg doen wat die Here vir jou in sy wet sê nie. Die Here neem jou aan omdat jy ingedoopt is in Christus. Omdat jy ingedoopt is in Christus deel Christus al jou oortredings en sondes en vat Hy dit weg met sy lyding, kruisiging en dood. Omdat jy ingedoopt is in Christus, tel sy lewe wat Hy reg lewe vir jou op so manier dat jy ook vir die Here reg is, al leef jy nie reg nie.

Die waterdoop wys vir Belenic dat sy regtig as God se kind aangeneem is omdat sy ingesluit is in alles wat Jesus vir haar gedoen het en vandag nog doen. 'n Mens is 'n beloftekind van God omdat Hy jou aangeneem het as sy beloftekind.

En jy word aangeneem omdat jy ingedoopt is in Christus!

5. Beloftekinders erf alles wat God belooft het!

Kyk hoe wys Paulus dit: "En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God." Gal. 3:29 en ""En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak." Gal. 4:7

Erf beteken om te kry wat vir jou gegee word! Erf beteken nie jy kry wat jou hart begeer of jy kry waarvoor jy gewerk of betaal het nie. Jy kry wat vir jou gegee word! Dit is hoe God se belofte vir sy kinders werk: jy kry wat Hy vir jou gee, nie wat jy begeer, voor werk of voor betaal nie.

Wat kry Belenic en alle klein kindertjies regtig omdat God dit regtig vir hulle gee as hulle erfenis?

- Sy erf God die Vader as haar Vader en sy liefde vir haar. Sy kry dit regtig omdat sy dit erf by God.
- Sy erf vergifnis van haar sonde en sy erf dat die Here nooit aan haar sondes nie, maar net aan haar liefde sal dink.
- Sy erf ook die belofte dat die Here haar vir Hom sal lief maak en vir hom sal lief wees.

6. Natuurlike kinders erf niks nie.

Paulus wys dat 'n mens twee soorte kinders kry: God se beloftekinders en natuurlike kinders. Wat is die verskil? Hy wys dat Abraham 'n beloftekind en 'n natuurlike kind gehad het. Hy stel dit só: "Die slavin se seun is op 'n natuurlike manier verwek, maar die vrou wat vry is, se seun op grond van 'n belofte." Só! Abraham het 'n natuurlike kind gehad en 'n beloftekind!

Natuurlike kinders, is kinders volgens 'n man en vrou se belofte om saam kinders te wil hê en die belofte dat hulle goeie ouers van die kind sal wees. Natuurlike kinders, is kinders wat reg is omdat of hulle ouers hulle reg grootmaak of hulle as kinders

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

hulle self reg maak! Natuurlike kinders is kinders van hulle ouers se beloftes aan mekaar, en partykeer aan God, om hulle kinders vir God en mense lief te maak, of hulle is kinders wat hulle eie beloftes maak om goeie kinders van God te word en hulle self vir God sal lief maak.

Kan julle sien wat is die verskil tussen God se belofte kinders en ouers se natuurlike kinders? Beloftekinders is kinders wat die Here lief maak vir Hom en Hom laat lief hê. Natuurlike kinders is kinders wie se ouers belof dat hulle hul kinders reg sal grootmaak en maak dat hulle kinders God liefhet.

Hierdie kinders erf niks by God nie en kry alles by God omdat hulle ouers beloftes maak en hou of omdat hulle hul eie beloftes maak en hou.

7. Paulus kondig aan dat natuurlike kinders leef onder die toesig en beheer van voogde en bestuurders. Hierdie aankondiging wat hy maak is 'n direkte verwysing na Jeremia 31: 34 "n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot sê die Here." Die Hebreeuse woord vir "dien" beteken om die Here te ken.

Natuurlike kinders volgens Jeremia is mense, klein en groot, wat nie die Here ken nie, wat ander mense moet leer om die Here te ken. Hierdie "ken" beteken nie sommer net "weet van" nie. Dit beteken om deel te wees van die troue liefde van die Here en om die Here self lief te hê."

Paulus noem hierdie mense van Jeremia " voogde en bestuurders". Dit is mense wat jou deel van God se liefde wil maak en jou vir God wil lief maak. In Gal. 3: 19 en 20 word hierdie mense genoem: tussengangers of middelaars tussen God en mense. Hulle is tussengangers en bemiddelaars tussen God en mense wat mense in God se liefde laat deel en mense vir God lief maak.

So dink en glo hulle, maar hulle is verkeerd.

Só! Wat is volgens die Bybel 'n natuurlike kind? Dit is 'n kind wat nie deel van God se liefde is nie en wat mense belowe om hierdie kind deel van God se liefde te maak en hierdie kind vir God lief te maak.

8. Só! Wat is Belenic? 'n Natuurlike kind of een van God se beloftekinders?

As sy 'n natuurlike kind is volgens haar ouers se beloftes aan mekaar, hulle beloftes aan God of 'n kind wat eendag aan God haar eie beloftes moet maak, dan kan en mag ons haar nie doop nie!

Maar as sy 'n beloftekind van God is, dan mag ons haar doop!

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

So, die groot vraag is: is sy ingesluit en deel sy wie Christus vir haar is en behoort sy aan Christus, of het Christus haar uitgesluit by wie Hy is en wat Hy vir haar gedoen het?

Dink julle die Here Jesus Christus kan so met mense werk: ek sluit jou in by wie Ek is en wat Ek vir jou doen om aan My te behoort, Ek laat jou God se beloftes erf, maar jou kinders is nie my beloftekinders nie, hulle is natuurlike kinders van jou en hulle eie beloftes! Ek gaan hulle nie aanneem soos Ek jou aangeneem het nie. Hulle moet My aanneem deur alles reg te doen wat Ek vir hulle sê om te doen!

Maak die Here beloftekinders se babas ook sy beloftekinders, of is hulle natuurlike kinders? Hy gaan hulle nie vir hom lief maak en vir hulle lief wees nie, hulle gaan mense kry om hulle vir God lief te maak en God se liefde deel van hulle lewe te maak!

Dit is hoekom ons haar en elke kind van 'n beloftekind met water doop: omdat die Here hulle in Homself ingedoop het en hulle erfgename gemaak het van die belofte dat God self vir hulle sal lief wees en self hulle vir Hom sal lief maak en lief laat wees!

9. Niemand mag vanoggend dink ons doop 'n natuurlike kind nie! Ons doop 'n beloftekind van God.

Haar pa en ma mag nie vanoggend beloftes maak dat hulle haar vir die Here sal regkry deur haar reg groot te maak nie. Hulle mag nie beloftes maak dat hulle haar vir die Here sal lief maak of deel van die Here se liefde sal maak met hulle ouerliefde nie.

Want sy is nie 'n natuurlike kind nie, sy is 'n beloftekind van God wat die Here vir hulle as gawe gegee het!

Ons mag ook nie die fout maak nie om te maak asof ons haar doop sodat sy kan leer om eendag 'n kind van God te word wanneer sy haar beloftes aan God gaan maak. Dan is sy mos nie nou regtig 'n regte kind van die Here nie. Dan is sy net 'n natuurlike kind wat nog wag om 'n beloftekind van God te word, as sy eendag al die regte goed doen om regtig 'n regte kind van God te word.

Ons doop haar omdat sy regtig 'n regte kind van God is omdat sy regtig in Christus ingedoop is, ingesluit is en deel het aan alles wat Jesus gedoen het om haar los te koop onder die wet en as kind van God aan te geneem het.

10. Nou as ouers nie hulle kinders se geestelike voogde en bestuurders is wat toesig en beheer moet hou oor hulle kinders se geestelike lewens nie, wat beteken dit om as ouer 'n ouer vir beloftekind van die Here te wees?

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Die antwoord is verskriklik maklik en doodeenvoudig: ouers is ook die Here se beloftekinders en daarom moet ouers en kinders met mekaar saamleef as beloftekinders van die Here.

Ouers wat ook beloftekinders is saam met hulle kinders, doen twee dinge wat anders is as om geestelike voogde en bestuurders van hulle kinders te wees: hulle getuig teenoor hulle kinders en en leef saam in God se liefde.

Om met mekaar as ouers en kinders saam te leef as die Here se beloftekinders, is totaal iets anders as ouers wat hulle kinders se geestelike voogde en bestuurders is wat hulle kinders geestelik beheer. Hierdie lewenswyse som Paulus op in Gal. 2: 20 en ons kan dit as volg toepas: “Die lewe wat ons as ouers en kinders nou liggaamlik lewe, leef ons in die geloof in die Seun van God wat ons liefgehad het en homself vir ons sondes oorgegee het.”

Belofte-ouers leef in die geloof dat God hulle kinders sy beloftekinders laat wees: hulle is ingedoop in alles wat Christus vir hulle gedoen het en deel alles wat Christus hulle by insluit. Al die sondes wat hulle kinders doen het God vergewe en God dink nie aan hulle oortredings nie, maar aan hulle diens en liefde. God die Vader is hulle Vader en Hy maak hulle vir Hom lief en laat hulle liefde vir Hom reg wees. Daarom is belofte-ouers nie voogde en bestuurders van geestelikheid vir hulle kinders nie, maar getuies van wie God vir hulle kinders is. Hulle kan vir hulle kinders getuig om God vrymoedig as sy beloftekinders te kan liefhê en van hul vergifnis seker te wees. Hulle kan getuig dat hulle kinders vir God reg is omdat hulle in Christus ingedoop is en nie omdat hulle alles reg doen wat God sê hulle moet doen nie.

Belofte-ouers kan sommer net saam met hul kinders die Here liefhê, dien eer, loof en dank! Saamleef as ouer en kind in God se liefde!

11. Belofte-kindere van God kan ook glo in wie God vir hulle ouers is, want hulle is saam met hulle kinders God se beloftekinders! Ouers is nie sommer net natuurlike ouers of van nature ouers nie. Hulle is belofte-ouers!

Daarom mag kinders nie van hul ouers hul geestelike voogde en bestuurders maak of hulle as swak en slegte geestelike voogde en bestuurders afmaak nie!

Dit is hoe baie kinders hulle ouers in hulle lewe aangestel en afgedank het. Dan klink dit só: “My ouers was nie vir my goeie geestelike voorbeelde nie en het sondes en oortredings begaan wat my as kind benadeel het. Daarom glo ek nie in hulle God of in God se beloftes nie. Ek kies self hoe ek vir my ’n God sal maak volgens my natuurlike lewe en my natuurlike behoeftes!

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Maar ouers is en was nooit bedoel as kinders se geestelike voogde en bestuurders nie. Hulle is bedoel om as ouers ook god se belofte kinders te wees en so aanvaar te word: ouers wie se oortredings teen hulle kinders vergewe is en aan wie se sondes teen hulle kinders God nooit meer sal dink nie. Ouers wie God self vir Hom sal lief laat wees, al is hulle liefde volgens hulle kinders nooit net goed nie of te vol sondes. Belofte-kindern aanvaar en leef saam met belofte-ouers saam in God se liefde: ons is ingedoop in Christus, losgekoop van reg leef as die manier om reg te wees en saam aangeneem.

Daarom kan kinders ouers net as ouers eer en liefhê sonder om hulle as die slegte geestelike voogde en slegte bestuurders van hul geestelike lewe voor te hou. Ouers is deur God losgekoop om hul kinders se geestelike voogde en bestuurders te wees.

Hulle is vry om binne God se liefde net ouers te wees wat vir hul kinders lief is, en andersom.

12. Wat is die verskriklikste ding wat 'n ouer wat 'n beloftekind van God is, met hulle babas en kleintjies kan wat God se beloftekinders is, kan doen?

Om vir God en hulle kleintjies te sê en te wys, julle is nie God se beloftekinders nie, julle is net ons natuurlike kinders!

Dit is wat regtig in van ons gemeente se gesinne gebeur: ouers wys vir kinders dat hulle nie beloftekinders is nie. Hoe doen 'n ouer dit met 'n kind? Deur nie te getuig en in God se liefde saam te leef nie.

Terwyl God hulle kinders sy kinders in sy liefde laat wees, bly die ouers tjoepstil daaroor en sê nooit 'n woord daaroor vir hulle kinders nie. Terwyl die Here in hul kinders hulle vir Hom as God lief maak en lief laat wees, leef die ouers nooit saam met hulle kinders in hierdie liefde van en vir die Here nie: hulle eer nie die Here saam nie, dank nie die Here saam nie, loof nie die Here saam nie en aanbid nie die Here saam nie.

So probeer ouers die liefde van en vir die Here in klein kindertjies doodmaak en van God se beloftekinders natuurlike kinders maak.

13. Hiervoor het ouers 'n baie snaakse verskoning!

Julle weet mos wat is 'n verskoning! Dit is 'n simpel rede vir iets wat jy doen wat verkeerd is. Ouers wat van God se beloftekinders somer net natuurlike kinders wil maak, maak gewoonlik hierdie snaakse verskoning: "Ek wil nie my kind se geestelike voog of geestelike bestuurder wees nie, ek wil maar net sy ouer wees, hulle moet vry wees om eendag self te kan besluit of hulle God wil lief hê of nie.

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Hulle snaakse verskoning is dat hulle maak asof hulle vir hulle kinders die vryheid gee om self te kan kies of hulle die Here wil lief hê of nie! Hulle wil nie hul kinders se geestelike voogde of bestuurders wees nie.

Hoekom is dit 'n simpel rede om van beloftekinders natuurlike kinders te probeer maak?

Want God maak nie ouers kinders se geestelike voogde en bestuurders nie. Hy maak hulle getuies van sy liefde wat saam met hul kinders in sy liefde kan leef. Die vryheid wat hierdie ouers voorgee asof hulle besluit om nie geestelike voogde en bestuurders van hul kinders te wees nie, is nie die vryheid wat hulle self uitgedink en opgemaak het nie. dit is die vryheid wat God aan ouers en kinders gee. God se beloftekinders het nie geestelike voogde of bestuurders nie. Dis hoe God dit laat werk, nie slim demokratiese ouers nie!

14. Nog 'n simpel rede wat ouers voorhou om wat hulle verkeerd doen, te verskoon is dat hulle maak asof hul kinders self eendag moet kies om hulle God wil liefhê of nie. Hulle maak asof God klein kindertjies nie vir Hom lief maak en lief laat wees nie. Dit is 'n verskriklike leuen wat hierdie ouers opmaak! Want God maak sy beloftekinders vir Hom lief – soos die profeet Jesaja sê – groot en klein, nie net grotes nie.

Nog so simpel rede van ouers is dat hulle glo dat hulle klein kindertjies nie weet hulle oortree teen die Here en doen sondes teen die Here nie. En omdat hulle dit glo, vertel hulle nie hul kinders dat die Here nie aan hulle oortredings vergewe en hulle sondes vergewe omdat hulle in Christus gedoop is nie.

So maak hulle van God se beloftekinders hulle eie natuurlike kinders: kinders wat skaam, skuldig en bang vir God onder die wet leef terwyl hulle self moet reg wees soos hulle ouers wil hê hulle moet reg wees! Hulle getuig nie vir hulle kinders dat God hulle reggemaak het deur hulle aan te neem nie.

Wat noem 'n mens dit wanneer jy liefde in 'n kind probeer doodleef en doodmaak?

Dit is kinderverwaarlosing en kindermishandeling! Ouers wat God se beloftekinders se liefde vir die Here en God se liefde vir hulle probeer doodleef en doodmaak deur nooit saam met hulle kinders die Here te eer, te dank, te loof en te aanbid nie en nooit vir hulle kinders te getuig dat hulle in Christus ingedoop is nie, is besig met kinderverwaarlosing en kindermishandeling van God se beloftekinders!

Hulle is nie besig om demokratiese vryheid vir hulle kinders te gee nie. Hulle probeer 'n liefde wat God skep in hulle kinders doodleef!

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

15. Dink julle ouers doen dit aspris of sommer net omdat hulle nie weet wat hulle doen nie?

Kyk wat doen dieselfde ouers met hulle kinders!

- As hulle kinders net so bietjie lief is vir sport, dan koop hulle al hulle sportklere, kry vir hulle die beste afrigting en ry oor die hele land rond, net omdat die kinders so bietjie lief is vir sport!
- As hulle kinders net so bietjie lief is vir musiek, dan doen ouers presies dieselfde, betaal, soek geleenthede en ry die kinders rond.
- As hulle net so bietjie lief is vir wiskunde, rekenaars of fisiese wetenskap dan doen ouers weer dieselfde, ry rond, soek geleenthede en betaal vir die beste.

Maar as hierdie kinders die Here lief het, dan word hierdie liefde in hulle doodgeleef!

Dit is aspris!

16. Kan ouers dit met kinders doen, hulle so verwaarloos en mishandel in hulle liefde vir God en God se liefde vir hulle, dat hulle dit binne hul kinders doodleef?

Kyk hoe is God God vir sy beloftekinders volgens die profeet Jeremia in Jeremia 31: 35 – 37. “So sê die Here, Hy wat die son bedags laat skyn, die maan en sterre beveel om snags te skitter, Hy wat die see onstuimig laat word, wat sy golwe laat druis, wie se Naam Here die Almagtige is: Eers as hierdie dinge uit my teenwoordigheid verdwyn, sê die Here, sal die nageslag van Israel ophou om vir altyd in my teenwoordigheid 'n nasie te wees. So sê die Here: As die hemel daarbo afgemeet kan word en as die fondamente van die aarde daaronder vasgestel kan word, sal Ek die hele nageslag van Israel verwerp oor alles wat hulle gedoen het, sê die Here.”

Dit is die werklikheid van God se beloftekinders. Dit is hoe Hy vir hulle God is en bly. Die bedoeling van hierdie verse is dat net so mins as wat God God se skepping kan verdwyn, omdat Hy vir sy skepping sorg, dit onderhou en bewaar, sodat dit nie uit sy teenwoordigheid kán verdwyn nie, net so min kan God nie Here wees vir sy beloftekinders en hulle voor Hom verdwyn nie.

Omdat hulle in Christus is, is en bly hulle erfgename van God se belofte.

Dit is ook die bedoeling van die openbaring dat net so min as mense die heelal kan afmeet of die krag waarmee Hy die aarde versorg en instandhou, net so min kan God sy beloftekinders verwerp.

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Want die liefde en trou waarmee hulle God sy belofte aan hulle hou, is die liefde en trou van die Skepper self. Dit is hoe Christus God sal wees vir Belenic, sy beloftekind!

Kom ons gee vir haar die teken dat sy 'n beloftekind van God is omdat sy ingesluit is in Christus.

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

Eksegetiese notas

Galasiërs 3: 26 – 29

- Die reg om kind van God te wees en die lewenswyse hoe om kind van God te wees, is om ingesluit te wees in Christus, in wie Hy vir sy gemeente is.
- Die doop gee die sekerheid dat jy ingesluit is in Christus
- Die doop wys ingedoop, ingesluit om deel te wees.
- Geloof is om jou self te beklee met Christus, om jou reg en lewenswyse as kind van god te aanvaar.
- Doop is teken waarmee Gees bevestig: God is jou Vader omdat jy ingedoop is in Christus. 4: 6, leef lewe in liefde van God jou Vader.
- In Christus, ingesluit, hoef nie eers 'n Jood te word voor jy 'n Christen kan word nie, die onderskeid “Jood en Griek” val weg, alle ander magsverdelings tussen wie in of uit is val weg, want die onderskeid in of buite is nie meer 'n magsverdeling nie. Geestelike mag gesentreer in bemaagtigde mans: “Ek loof U, ewige ons God, wat my nie as 'n heiden gebore laat word, het nie, wat my nie as slaaf laat gebore geword het nie en my ook nie as 'n vrou gebore laat word, het nie – oggendgebed uit gebede boek van Jode.
- Een nuwe mensheid, wat nie magsverband is nie: een met Christus as heilige en regverdige mens in die hemel.
- Wie aan Christus behoort, is belofte kinders!

Galasiërs 4: 1 – 6.

- Erfgenaam van God se belofte om God te wees! Nie vennootskap met God nie.
- Erfgenaam: kry wat jou toegesê word, nie wat jy wil hê of voor gewerk het nie.
- Wie nie belofte kind is nie, leef onder toesig van voogde en bestuurders van eie geestelikheid wat nie lewe in Christus is nie – Jeremia: moet jou leer van geestelikheid, nie God as Vader nie.
- Leef ons vervulde tyd of tyd van voogskap?
- Vervulde tyd is tyd van God se vervulde belofte: geen voogde, ek is jou God!
- Losgekoop van voogskap om kinders van God te wees: wie ouers en kinders.

Galasiërs 4: 21 tot 30.

- Natuurlike kinders of belofte kinders! Die verskil tussen natuurlike godsdiens en belofte-godsdiens! Jode en heidene is besig met natuurlike godsdiens! Eie geestelikheid teenoor lewe as kind van God! Belofte van God is skeppende mag, mens se gees is skeppende mag!
- Natuurlike godsdiens, is geestelikheid van voogde en bestuurders! Kinders van die wet of kinders van die belofte!

Prediking notas:

- Verskil tussen ouers as geestelike voogde en bestuurders of net ouers wat saam met kinders met God in sy liefde leef!

Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders

- Protes teen voogskap want soek vryheid – vryheid om eie geestelike lewe te skep of vryheid om in God se liefde te leef.
- Protes maak kinders slawe van geestelikheid! Nie meer ouers se geestelikheid, eie geestelikheid, eie natuurlike godsdiens.
- Die doopsbelofte kan nooit belofte wees om geestelike voogde en bestuurders van kinders te wees nie? Belofte om saam in god se liefde te leef!
- Hoe lank hou eie beloftes? Hoe lank hou God se belofte? Jeremia 31: 35 – 37.